




Desember / December 2021

wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

"Kom buig daar in aanbidding voor Jesus, die Heer"



*"Stil broers, daar gaan 'n man verby....
daar is maar een soos hy..."*
~ Jan F. Celliers

ONS GROET ONS HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE, ERENST PELSER, NA 24 JAAR

Erenst Pelser het op 1 Januarie 1998 by SSK diens aanvaar as Hoof Uitvoerende Beampte. Hy was op daardie stadium 36 jaar oud. Hy tree op 31 Desember 2021 af na 24jaar diens.

Hennie Steyn, SSK Direkteur (1984-2012) vertel: "Erenst Pelser het op Swellendam aangekom toe SSK hom die broodnodigste gehad het. Hy het dadelik eiernaarskap aanvaar en geneem, - dit het sy lewenstaak geword. Sy wye ervaringsveld by die Nywerheids Ontwikkelings Korporasie (NOK/IDC), sy omvattende betrokkenheid by 'n groot aantal maatskappye waar hy omkeer-strategieë moes toepas en 'n groot netwerk in die sakewêreld het die winde van verandering laat waai. Nie net vir SSK nie, maar ook by SOILL en later die ander SSK filiale waar hy rigtinggewend die fundamente vir sukses gelê het en 'n sterk landbouwaardeketting in ons streek gevestig het.

Swellendam het hom vinnig leer ken as deelnemer, raadgewer, leier en ondernemer in die gemeenskaps- en sake-omgewing. Sy buitengewone insig, daadwerklike optrede, uitnemende menseverhoudinge en vernuwende denke is alombekend.

Hy speel nooit vir die groot verhoog nie, maar geniet wye erkenning in die raadsale van georganiseerde landbou en landboubesighede. Hy was onder andere die Voorsitter van Groep-14 en die Wes-Kaap Landboubesigheidskamer en het gedien op die Raad van Agbiz (voorheen die Landboubesigheidskamer), waar hy ook op hul Ouditkomitee gedien het.

Erenst Pelser kan terugkyk op 'n fenomenale suksesverhaal. Hy verlaat SSK in sy 90ste bestaansjaar op 'n absolute hoogtepunt. Ons wens hom en sy gesin alles van die beste toe. Mag ons Vader julle pad veilig maak en sy seënende Hand oor julle hou".

Dirk van Papendorp (Voorsitter SSK Raad) skryf: "Alles wat ek vandag weet en toepas van besigheid het ek by Erenst Pelser geleer. Dit was 'n voorreg om destyds as jong direkteur die groter landbou besigheidswêreld saam met hom te verken. Wat my veral bybly is dat Erenst altyd regverdig was tot voordeel van alle partye.


Aandele, koopopsies, kontrakte en regsdinge het skielik ongevraagd op jou tafel geland en kon hy ons oningeligtheid omskep in praat en redeneer met gesag en kennis. In kort, saam met hom het jy geborge gevoel tydens die neem van groot besluite. Hy was en is steeds 'n mentor en leermeester vir verskeie SSK Direkteure en sy unieke vermoë om omkeer-strategieë toe te pas was die reddingsboei vir vele onder sy leiding. Wat ek altyd van hom bewonder is die skerp wyse waarop hy 'n nuwe besigheidsgeleentheid kan evalueer en dan met deurdagte planne ter verbetering vorendag kan kom. Hy is verder 'n ware mens-mens. Uitstekende lede-, kliënte- en personeelverhoudinge is vir hom ononderhandelbaar. Elkeen is belangrik en vir die lid het hy altyd tyd, al is hy hoe besig.

SSK is Erenst Pelser en Erenst Pelser is SSK. Hy was die katalisator wat SSK kon laat groei tot die sukses wat dit vandag is. Sy nalatenskap leef voort, op ons plase en in die infrastruktuur wat SSK op vele terreine in ons streek geskep het".

Villiers van Veen, Hoofbestuurder: Finansies en Administrasie: "Hy gee die leisels oor van 'n kerngesonde besigheid wat onder sy leierskap een van Suid Afrika se toonaangewende landboubesighede geword het. Hy kan trots wees op sy indrukwekkende nalatenskap en SSK kan dankbaar wees dat hulle paaie gekruis het. Sy deernis en empatie vir sy medemens bly vir my 'n voorbeeld en dit was 'n voorreg om vir meer as 10 jaar nou met hom saam te werk".

Henk de Beer, Hoofbestuurder: Bedrywe "Erenst kan met trots aftree na meer as 24 jaar se uitsonderlike diens aan SSK in 'n pos wat geweldige eise aan liggaam en gees stel. In hierdie tyd was Erenst 'n voorbeeld van absolute doelgerigte verbintenis tot sy taak tot voordeel van SSK en sy lede. Wat ook-al Erenst se planne na aftrede behels, wens ek hom baie sterkte en sukses toe".

Wilna van der Merwe, Persoonlike Assistent, "Ek werk 24 jaar nou saam met Mnr Pelser en elke dag was net 'n plesier. Ek kan my nie die werksplek sonder hom indink nie. My wens vir hom en sy mense is goedheid, guns en groot genade in oorvloed".



We thank you for your support and wish you and your family a blessed Christmas and a prosperous New Year.

Erenst Pelser

EK GROET MET TROTS EN DANKBAARHEID

Dit is nooit maklik om te groet nie, veral as 'n plek en sy mense vir 24 jaar onlosmaaklik deel van jou was en altyd sal wees. Ek groet egter met trots en dankbaarheid vir wat ons SSK span saam vermag het in die tyd. SSK is vandag sterker as ooit en groei steeds van krag tot krag.

As ek terugkyk op my loopbaan is daar sekere keuses wat ek glo deel van elke mens se lewe moet wees:

- Leef met verwagting. Die hoop beskaam nooit.
- Omhels veranderinge.
- Bemoedig mense om jou.
- Wees eerlik.
- Druk deur al is dit hoe moeilik.
- Heg waarde en betekenis toe aan ander. Gee van jouself.
- Prioritiseer.
- Herinner jouself elke dag dat God jou dra.

Generasies het vir jare die SSK tradisie geanker en oorgedra na die volgende generasie. Ek weet dit sal ook met groot sukses oorgedra word na generasies wat volg. Ek wil my opregte dank uitspreek teenoor SSK as

organisasie, die Direksie en SSK se lede dat ek vir 24 jaar deel kon wees van die bydraes wat SSK en sy filiale gemaak het tot die ekonomie, sosiale welstand en welvaart in die gebiede waar ons betrokke is.

'n Spesiale dankie aan SSK se lede dat ek tydens my jare by SSK deel van u boerdery kon wees. Dankie dat julle plaashekke altyd vir my oopgestaan het en dat die ontvangs altyd warm was.

Dank aan SSK se sakevennote, ons het vir 24 jaar 'n wenspan gevorm.

Laastens dankie aan SSK se personeel. Julle is en sal altyd spesiaal bly in my lewe.

Ek is rustig met die wete dat SSK met Francois Swanepoel as nuwe Hoof Uitvoerende Beampte, saam met bestuur en personeel nuwe hoogtes sal bereik. SSK se leuse sal nog baie jare voortbestaan "Werk Saam Wen Saam".

- Erenst Pelsler

DIE VISIE VAN ERENST PELSER SOOS VERTEL DEUR MICHAEL DIPPENAAR (SSK VOORSITTER: 2011-2017), (SSK RAADSLID: 1995- 2017)

"As ek die storie moet vertel van die invloed wat Erenst Pelsler op die voorspoed en welvaart van die SSK graanprodusente, landbou oor die algemeen, die dorpe en die breë gemeenskap in die SSK bedieningsgebied gehad het, het ek eintlik nie woorde nie. Sy geweldige impak kan nie omskryf word nie.

Toe hy as jong man van 36 jaar by SSK begin het was SOILL in groot moeilikheid. SOILL is in 1993 gevestig as 'n olie-ontginnings aanleg en eetbare-olie-raffinadery, afhanklik van die canola sade deur plaaslike boere verskaf. SSK het baie geld belê om die raffinadery staan te maak, net om in 1997 uit te vind dat die bestaande persproses om olie uit die canola te onttrek, nie haalbaar is nie.

Tydens die SSK Raadsvergadering van Junie 1998 was daar dus twee opsies waarvoor besluit moes word rakende SOILL. Opsie 1 was dat SSK dit as 'n duur les moes beskou en wegloup van die projek. Die meerderheid van die direkteure sou voor die vergadering opsie 1 steun. Opsie 2 was dat SSK 'n mede-aandeelhouer vind, nog geld belê vir finansiering en die persproses van vooraf herbesoek. Ek kan nog baie goed onthou hoe Erenst as nuwe Hoof Uitvoerende Beampte wat nog redelik onkundig was oor graan daardie dag opgestaan het en met absolute oortuiging 'n aanbieding oor opsie 2 aan die Raad gedoen het.

Hy het die NOK/IDC as mede-aandeelhouer voorgestel wat na 'n aantal jare hulle aandeelhouding aan 'n swart bemagtigingsgroep beskikbaar moes stel. Internasionale olie-ontginning is ondersoek en Duitse tegnologie sou die antwoord bied tot 'n suksesvolle proses. Na die aanbieding het die Raad gestem om voort te gaan. Die res is geskiedenis.

Canola is vandag gevestig as 'n gewas in Suid-Afrika grootliks as gevolg van Erenst se aanbieding en die oplossings wat hy gebied het op daardie dag. Sonder Soill sou ons graanboere se welvaart daar anders uitgesien het en "continuous cropping" sou nie bestaan het nie. Erenst het nog altyd 'n passie vir SOILL gehad en dien tans as Voorsitter van SOILL se Raad. Die Suid-Kaap en Overberg se vooruitstrewendheid sou beslis sonder die suksesvolle SSK en SOILL nie dieselfde gewees het nie.

Die feit dat SSK vandag steeds 'n koöperasie is en die amper soomlose oornome van Tuinroete Agri in 2013 is nog suksesverhale in die 24-jaar lange hoofstuk van Erenst Pelsler se dien tydperk by SSK.

Die impak wat hy gemaak het oor die afgelope 24 jaar sal vir altyd voortleef in die SSK-streek".

- Michael Dippenaar



HERBERT STREICHER

SENIOR BESTUURDER: INLIGTINGS TEGNOLOGIE

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is gebore op George en het my skoolloopbaan daar voltooi. Ek is 'n trotse Kwagga van Hoërskool Outeniqua. Na 'n kort verlowing van 11 jaar is ek en die liefde van my lewe in 2008 getroud. My vrou, Suzanne, wou eers seker maak oor die saak. My vrou is 'n kleuterskool onderwyseres en sy voel sy het nog nie 'n dag in haar lewe gewerk nie, want sy is so lief vir dit wat sy doen. Ons het nie kinders nie, maar het drie Bassett honde wat onder die indruk is dat hul mense is.

WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is huisvaste mense en spandeer ons vrye tyd graag saam met vriende en familie. Ons hou daarvan om met ons honde in die natuur te gaan stap en daar is vir ons niks lekkerder as om rustig in mekaar se geselskap te wees nie.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER


Ek het na matriek in 1994 verder gaan studeer in Kaapstad. Nadat ek my studies voltooi het was ek vir 'n paar jaar 'n IT lektor by Damelin, George. Daarna het ek by McCain Foods as Stelsel Administrateur gewerk. Ek het in die George omgewing IT kontrak werk gedoen vir onder andere Shoprite Checkers, Lancewood en Tuinroete Agri. In 2008 het ek permanent by Tuinroete Agri aangesluit as IT Bestuurder. In 2013, na vyf jaar by Tuinroete Agri, is ek aangestel as Senior Bestuurder: Inligtings Tegnologie by SSK in Swellendam.

GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Daar is twee uitsonderings wat ek wil maak. In 2009 by Tuinroete Agri het ek en my span 'n tegnologie ontwikkel om netwerk verbindings saam te smelt wat groter bandwydte kapasiteit tot gevolg gehad het. Die tegnologie was baie uniek. Met die implementasie van SAP Hana by SSK was ons die eerste in die Suidelike Halfrond om dit virtueel te implementeer.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

My pa het altyd gesê, ondersoek alles en behou die goeie. Die woorde pas ek steeds toe in my dag-tot-dag lewe.



Herbert en Suzanne Streicher saam met die "mensehonde" Anna en Otto.

WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek sien myself as 'n permanente student wat steeds deurlopend studeer. Moontlik nie oor 5 jaar nie, maar ek sal graag my doktorsgraad in Informasie Tegnologie wil behaal. Ek sien SSK steeds as die nommer een landbou-, diens- en produk verskaffer in die Sentraal- en Suid-Kaap, nie net vir die volgende 5 jaar nie, maar vir 'n verdere 90 jaar.

IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek hou van lees en om nuwe dinge te ondersoek. Ek is alreeds eenmaal deur die hele internet van voor tot agter.

WYSHEID VAN DAE

"Elke moeder wil 'n ertappel wees"
(ou spreekwoord)

DER KELDERMEISTER

TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei Pink Moscato
3. Alvi's Drift Pinotage
4. Boplaas Stoepsit Sauvignon Blanc
5. Van Loveren Sauvignon Blanc
6. ONE Red
7. Van Loveren Neil's Pick Colombar
8. Villiersdorp Hanepoot Jerepigo (Treintjiewyn)
9. Koelenhof Pinotage
10. Perdeberg Soft Smooth Red

REËNVAL IN STREKE

STREEK	AUG 2021	SEPT 2021	OKT 2021
Aberdeen	0	0	17
Albertinia	67	14	67
Ashton	55	5	34
Avontuur	67	13	67
George	38	80	104
Heidelberg	70	25	68
Herold	45	7	55
Joubertina	63	6	32
Karringmelks	75	14	89
Knysna	98	54	84
Misgund	67	18	94
Mosselbaai	81	36	54
Protém	60	14	26
Plettenbergbaai	90	11	32
Riversdal	60	13	61
Swellendam	83	22	72
Uniondale	13	6	35

Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.

SIMONNE (VAN EEDEN) LE ROUX VAN VLEITJIE, SWELLENDAM



Simonne en haar pa, Lourens (Vleitjie) van Eeden.

Simonne le Roux (neé van Eeden) sou groot moeilikheid veroorsaak het indien sy ooit vir "Boer soek 'n Vrou" ingeskryf het, want daar sou definitief nie genoeg plek in haar huis gewees het vir al die bokse briewe nie. Maar dit is neusie verby, want Pieter le Roux, 'n boerseun van Laingsburg het klaar die ring aan haar vinger gesit. Hulle het op Stellenbosch ontmoet, waar Pieter M.Sc in Argonomie behaal het en Simonne by Elsenburg studeer het.

Ek bel om 'n afspraak met haar te maak en hoor die vrolike stem sê: "Tannie is meer as welkom, maar van 10:00 af sit ek in die stroper. So tannie moet óf vroeg kom, óf ons moet in die stroper gesels".

Dit is oestyd in die Overberg op die dag wat ek die Witsand grondpad na Vleitjie toe neem. Reuse stropers ry die een na die ander by my verby en ek moet stilhou sodat hulle by my kan verbyskuur. Die koring, canola en gars staan hoog op die lande en daar is opwinding in die lug. Oestyd is "die mees wonderlike tyd van die jaar" vir graanboere in die SSK-streek.

Simonne, die jongste van die 3 van Eeden dogters is die sewende geslag wat op Vleitjie boer. Hulle geskiedenis is nou verweef met dié van SSK. Haar oupagrootjie, M.C. Dippenaar en haar ander oupa se oudste broer, F.J. van Eeden was twee van die stigterslede van die Swellendam Boere Koöperatiewe Vereniging in 1931. Vleitjie, só genoem na die vleigrond-drifte by die plaashek, is tradisioneel aan dogters in 'n gesin bemaak. Simonne se pa, Lourens het die plaas in die vroeë 1980's van sy ma Sara van Eeden gekoop en heel gepas boer 'n vrou nou weer hier.

Simonne vertel dat sy van jongs af haar pa se "seuntjie" was, 'n rabbedoe wat kon trekker en stroper bestuur toe haar voete net-net by die pedale kon bykom. Dit is duidelik dat Lourens van Eeden, sy jongste dogter se mentor, leermeester en held is. Hy het nooit probleme namens haar hanteer nie, maar haar gehelp om self die oplossings te vind. Sy vertel hoe haar pa, toe sy 12 jaar oud was, haar met die bakkie gestuur het om vir die werkers 'n boodskap te gaan oordra. Die bakkie het in die modder gegly, teen 'n sementdam vasgery en die skade was baie groot. Gelukkig het alles goed afgeloop en was dit 'n leerervaring waaroor sy vandag nog lag.

Op Bloemhof Hoërskool in Stellenbosch het sy verlang na haar "hartsplek- Swellendam en die stilte op die plaas" en

alhoewel sy medies as 'n beroep oorweeg het, was boerdery die logiese uiteindelijke keuse. Vandag is haar werk haar passie en haar passie haar werk.

Simonne bestuur tans die twee plase Vleitjie en Soutkloof en boer met Letelle skape, koring, gars en canola. Sy doen ook proewe met geelertjies wat 'n superkos vir vegetariërs is en selfs 'n bron is vir laktose-vrye melk. Lourens en Pieter doen tans letterlik en figuurlik baanbrekerswerk op hulle nuwe plaas, Sionsberg tussen Riversdal en Heidelberg. Simonne vertel hoe hulle moes padmaak en hoe sy voersakke om haar bene gebind het om te keer vir al die dodders, terwyl sy voor die stootskrapeer uitgestap het om vir hom pad te wys. Haar oë blink as sy vertel hoeveel "sports" dit was. Sionsberg is bestem vir advokado- en makadamianeut-verbouing en hulle lê nou die boorde uit en vestig infrastruktuur. Die ou huis op die plaas is die tweede oudste in die Riversdal-distrik en Simonne en haar ma het dit gerestoureer en bedryf dit sedertdien as 'n gastehuis.

(www.airbnb.com/h/sionsbergfarmstay)

**" In die stroper se "cab' dink"
ek oor die jaar wat verby is en
die jaar wat kom.**

Dit is duidelik dat die Van Eedens en Le Roux's 'n oormaat van energie het en dit geniet om nuwe geleenthede aan te pak. Simonne het nie 'n lui haar op haar kop nie, sy praat vinnig en doen 'n paar dinge gelyk. Die koelsak met twee etes in staan reg op die kombuistoonbank, want met canola stroop sy soms van 10 uur soggens tot 2 uur in die nanag en as dit koring se beurt is, stop sy eers om middernag. "Ek is mal oor oestyd, daar is 'n "vibe" op die plaas. In die stroper se "cab' dink ek oor die jaar wat verby is en die jaar wat kom. Elke land wat ge-oes word is 'n presentjie wat wag om oopgemaak te word en te vertel of ek vroeg genoeg gespuit het of te laat, of daar genoeg water was, of te veel...". 2021 was 'n "asemrowende" jaar vertel sy. Dit het op die regte tyd gereën, September was mistig en die wind het nie te veel gewaai nie.

Die werkers op die plaas is soos haar familie, die hegte band is tasbaar. Hulle was almal op haar troue en van hulle werk al saam met Lourens vandat hy as jong man begin boer het. Sy leer deurlopend by hulle en sy merk op dat sy geleer bakkie bestuur het by Jakob en Wessel. Abraham en klein Wessel was die maatjies saam met wie sy kleintyd die plaas plat geloop het. Nou is hulle deel van haar wenspan op Vleitjie.

Simonne is 'n besondere vrou - ons gaan nog baie van haar hoor. Haar lewenslus, entoesiasme en nuuskierigheid oor alles nuut sal my lank bybly. As sy iets aanpak is daar geen stopstrate nie, net 'n vasberade, yserse wil om sukses te bereik.

"Dit is die beste tyd ooit om nou in Suid-Afrika te boer. Ons wortels is vasge-anker, hier waar ons na Pappa God se grond kyk".

Toe kry ek my ry, want sy brand om te gaan stroop.

- Annelie van Wyk



BUITELAND!

PRYSE GELDIG VANAF 25 NOVEMBER
TOT 31 DESEMBER 2021



BASECAMP
CAMPAIGNE
KAMPSTOEL
00302044

539⁹⁰
Elk



BASECAMP
DIREKTEUR
KAMPSTOEL
(ALUMINIUM)
00302043

469⁹⁰
Elk

BASECAMP
VERSTELBARE
LEUNSTOEL
(ALUMINIUM)
00302042

689⁹⁰
Elk



KAUFMANN
KAMPGRAAF
4X4
250765

109⁹⁰
Elk



BASECAMP
SPIDER KAMPSTOEL
(MAKS 100KG)
00301441

249⁹⁰
Elk



BASECAMP
DELUX KAMPSTOEL
3-POSISIE RUGLEUNING
00302091

549⁹⁰
Elk



KAUFMANN
HERLAAIBARE
LED KOLLIG
T650
00301156

449⁹⁰
Elk

PRODUKTE WAT NIE IN VOORRAAD IS BY U NAASTE TAK NIE, IS BESKIKBAAR OP BESTELLING. TERWYL VOORRAAD HOU.





Voor v.l.n.r: Susan Barkhuysen (Noll), Amelia Schutte (Uniondale), Naomi Engelbrecht (Handel Admin), Suné Levendal (Handel Admin), Erenst Pelsler (Hoof Uitvoerende Beampste), Julia Lombard (Plettenbergbaai), Jonelle Fiet (Riversdal), Adri Verwey (Aberdeen), Nadia Holtzhausen (Kraakeel), Patrys Erasmus (Herold)

Middel v.l.n.r: Rodney Baadjies (Knysna), Gerhard Venter (Bestuurder Brandstof), Willie de Kock (Swellendam Caltex), André Wentzel (Veldbemarker), Gertjie Odendaal (Veldbemarker), JJ Holtzhausen (Tweeriviere), Rufus Human (Misgund), Adam de Vos (Avontuur), Christo Carstens (Veldbemarker), Elzaine Jansen (Handel Admin), Wiehan vd Merwe (Tegniese Adviseur:Besproeiing), Jaco Jonker (Haarlem Verpakking), Johan le Roux (Bestuurder Aankope), André Jonker (Stilbaai)

Agter v.l.n.r: Coenie vd Berg (Veldbemarker), Johan Campher (Albertinia), Hencor Combrink (Mosselbaai), Francois Möller (Bestuurder Operasioneel), Anton Swart (Herbertsdale), Franco van Loggerenberg (Handel Admin), Freddie Victor (George), André du Plessis (Produkkreeks bestuurder) André Burger (Senior Bestuurder: Handel), Kobus van Loggerenberg (Bestuurder Bemarking), Ryno vd Merwe (Heidelberg), Desmond Hayes (Veldbemarker), Dewald Meyer (Produkkreeks bestuurder), André van Wyk (Swellendam), Nelius van Zyl (Robertson)



2021 FOTO KOMPETISIE

Die SSK90 Fotokompetisie het reeds op 30 November 2021 gesluit. Die weners sal in die Maart 2022 uitgawe van die Wenakker aangekondig word. Hier is 'n voorsmakie van inskrywings ontvang.

PLAASKINDERS 2021



Andries van Rhyne
van Karringmelksrivier
ingeskryf deur
Riette van Rhyne.



Cobus en Juan Dunn ingeskryf
deur **Zelda Dunn** van
Swellendam.



Malu Pretorius ingeskryf deur
Chris en Ronel Pretorius van
die Baviaanskloof.



Dané Uys ingeskryf deur
Susan Uys van Albertinia.



Lientjie Uys ingeskryf deur **Sarita Uys**
van Heidelberg.



GRAANDAG MOSSELBAAI

Die jaarlikse Graandag is op 28 September in die Mosselbaai-distrik gehou. Dit was die 10de jaar dat dié dag aangebied is. Ongeveer 100 produsente uit die streek het die dag bygewoon. Ontbyt was by Jakkalsvlei, waarna boere omliggende graanlande besoek het. Die dag is afgesluit met 'n braai by Excelsior naby Vleesbaai.



Graanprodusente saam voor die groot oes



Hierdie ysters van SSK op ysterperde het onlangs die Cape Town Cycle Tour (Cape Argus) voltooi.

V.l.n.r: Desmond Hayes, SSK AgriLand Veldbemarker - tyd: 3:59:37;
Herman Swart, Bestuurder SSK AgriLand Kiosk - tyd: 3:21:01;
Armandt Horne, Snr Bestuurder Meganisasie - tyd: 4:12:10.



Ian du Plessis (Versekeringsadviseur Karoo en Langkloof) het onlangs 'n brons toekening van Santam ontvang vir prestasie in die Klein Karoo-streek. Hier is hy links op die foto saam met Gerhard van Staden (Santam Bestuurder, Port Elizabeth).



LANGDIENS ERKENNING

15 JAAR: Brenton Dickson, Hannelie Booyen, Adam de Vos, Alfred Healing

10 JAAR: Villiers van Veen, Conrad van Tonder, Tania Plaatjies, Antonio Windvogel, Gerrit Simson, Ester Saayman, Rudi Fick, Flip van Rooyen, Rodney Davids



SSK personele saam met Albert Wiffen Voorsitter van die Mosselbaai Besigheidskamer tydens 'n onlangse geleentheid. V.l.n.r: Albert Wiffen, Morne van Rensburg (Hoof Winkelverkope SSK AgriLand Mosselbaai), Clarechia September (Ontvangsdame internskap), Annelie van Wyk (Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie) en André du Plessis (SSK AgriLand: Produkreeksbestuurder)

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com

Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting. Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

